Nabetragting van Sondag 31 Mei 2020 boodskap

Gegroet vanuit die pastorie

In die teksweergawe soos per e-pos gestuur, is die Skrifgedeeltes bygevoeg, maar die Klankweergawe bied net die Skrifverwysing wat self opgesoek en gelees moet word.

**Maandag**: Nabysyn is een van die fasette van medemenslikheid wat liefde laat blink alleenlik soos met 'n diamant wat skitter as sy fasette reg geskuur is. Daar word orals rond gepraat van 'n nuwe normaal wat gaan vestig vir die beleefde werklikheid a.g.v. die corona-aanslag. Wat veral uitstaan, soos ook gesien kan word in opnames en analises wêreldwyd, is die eerste gevolg van die pandemie is vrees wat eers oop en bloot sy seile gespan het en toe stewiger in die onderbewuste van mense gaan vestig het. Dit gaan dan nie meer oor vrees vir covid-19 nie, maar gewoon 'n algemene vreesagtigheid. **Skrif: 1 Joh. 4:7ev**

Gelowiges word telkens in die Woord van God motiveer om die energie van vrees te verwys na liefde, soos bv. in 1 Joh. 4:7ev: *GELIEFDES, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God. 8 Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde. 9 Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe. 10Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes. 11Geliefdes, as God ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê. 12 Niemand het God ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons volmaak geword. 13Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het. 14En ons het aanskou en ons getuig dat die Vader die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het. 15 Elkeen wat bely dat Jesus die Seun van God is — God bly in hom, en hy in God. 16En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom. 17Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld. 18Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie. 9 Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het. 20 As iemand sê: Ek het God lief — en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie? 21En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê.*

**Dinsdag**: Dit is hopelik nie deel van 'n nuwe normaal nie, maar die volgende effek van die coronavirus is ekonomiese afstomping. In gewone menslike verstaan is dit die fondasie vir armoede en hongersnood. Dit is ook moontlik die sneller vir sosiale onrus en politieke misbruik. Geen land herstel sommer oornag van so 'n ekonomiese insinking nie. Wat wel waar is, is dat 'n vaste geloof in die hulp van God met die gepaardgaande daadwerklikheid om God se koninkryk te bou en die positiewe gesindheid as stukrag baie kan meehelp in die heropbou en vestiging van die nuwe normaal van 'n stewige en gesonde ekonomiese onderbou. Die Griekse woord om die ekonomiese ruimte van 'n land te beskryf, is *oikonomia* - wat genoem word die huishouding van die staat. Nabysyn kan gelykgestel word aan positiewe medemenslikheid, oftewel dat ons mekaar nodig het. Een van die oplossings is om plaaslik die direkte omgewing, oftewel huishouding, te help opbou. Dit vra nie net die uitdeel van vissies nie, maar eerder die maak en gee van, metafories gesproke, visstokke en katrolle en vislyn en hoeke en sinkers en aas ens. Die Skrif gee via die woorde van Jesus in **Markus 4** vir ons 'n goeie gelykenis om dit te verhelder:

(Ook Matt 13:1-9; Luk 8:4-8): *1Jesus het weer vir die mense langs die see begin leer. Daar het 'n groot klomp mense na Hom toe gekom en hulle het by Hom kom staan. Daarom het Jesus in 'n boot geklim wat in die water gelê het, en Hy het gaan sit. Al die mense het op die strand langs die water gestaan. 2Jesus het altyd vir hulle gelykenisse vertel en vir hulle baie dinge geleer. Hy het gesê: 3"Luister wat Ek vir julle sê: 'n Man het saad gaan saai, hy was die saaier. 4Terwyl hy gesaai het, het party van die saad op die voetpad in die koringland geval. Die voëls het gekom en hulle het die saad opgepik. 5Party van die saad het op vlak grond geval. Daar was klip onder die grond. Die saad het gou begin groei omdat die grond nie diep was nie. 6Maar toe die son opkom en warm word, het die plante doodgebrand, omdat dit nie sterk wortels gehad het nie. 7Party van die saad het tussen die dorings geval. Die dorings het gegroei en grootgeword en dit het die ander plantjies heeltemal toegegroei. Die man het daar niks koring afgesny nie. 8Party van die saad het in vrugbare grond geval. Dit het opgekom en gegroei en daar was baie koring. Een plant het 30 maal meer gegee as die saad, 'n ander plant 60 maal meer, en 'n ander plant 100 maal meer." 9Jesus het gesê: "As iemand kan verstaan wat Ek sê, dan moet hy gehoorsaam wees!"*

**Woensdag**: Geloofsgemeenskappe word grootliks geraak deur die gevolge van die corona-pandemie. Die vraag kan gevra word wat dan 'n nuwe normaal gaan wees vir die Calitzdorp gemeente. Weens die impak van die virus, moet die gemeente sowat R350, 000.00 se inkomste vir 2020 afskryf. Dit beteken nie die gemeente is bankrot nie, maar daar sal ernstig aandag gegee moet word hoe om kop bo water te hou en meer nog om die beste van 'n uitdaging te maak. Hierdie oplossing vra waarskynlik twee soorte van nabysyn: Wyse leierskap en betrokke lidmate. Die nodigste is sekerlik om Christus te beskou as die kop van hierdie gemeente wat dan die gedagtes van God moet uitleef. Die begrip nabysyn kan ook gelees word as die nabyheid van Christus se Gees. So beskou het ons geen rede om bevrees te wees nie – veel eerder om met die volle krag en wysheid van Christus in ons God se huishouding te bou. Dit is 'n enorme taak, maar ons het die sekerheid daar is 'n plan. Van die leiers en lidmate vra dit gehoorsaamheid en dat elkeen sy rol sal vervul. Wat benodig word, is nabysyn – wat Paulus saamvat in 1 Kor. 13 as geloof, hoop en liefde, met die grootstes die liefde. **Skrif gedeelte 1 Kor. 12**

**Die wesende daaragter kry ons wel in 1 Kor. 12:** *Wat die gawes van die Gees betref, broers, wil ek hê dat julle ingelig moet wees. 2Julle weet dat, toe julle nog heidene was, julle blindelings na die stom afgode meegevoer is. 3Daarom wil ek hê julle moet weet dat iemand wat sê: "Vervloek is Jesus", nie deur die Gees van God praat nie; en niemand kan sê: "Jesus is die Here" nie, behalwe deur die Heilige Gees. 4Daar is 'n verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees wat dit gee; 5daar is 'n verskeidenheid van bedieninge, maar dit is dieselfde Here wat die opdrag gee; 6daar is 'n verskeidenheid van kragtige werkinge, maar dit is dieselfde God wat alles in almal tot stand bring. 7Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal. 8Aan die een word deur die Gees die gawe gegee om 'n woord van wysheid te praat, aan 'n ander 'n woord van kennis deur dieselfde Gees; 9aan die een geloof deur dieselfde Gees, aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur die één Gees. 10Aan die een gee Hy die krag om wonders te doen, aan 'n ander die gawe om te profeteer, en aan nog 'n ander die gawe om tussen die geeste te onderskei. Aan nog een gee Hy die gawe om ongewone tale of klanke te gebruik en aan 'n ander om dit uit te lê. 11Maar al hierdie dinge is die werk van een en dieselfde Gees, wat aan elkeen afsonderlik 'n gawe uitdeel soos Hy wil. 12Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus. 13Omdat ons almal een liggaam geword het, is ons almal met die een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk. 14Die liggaam bestaan ook nie net uit een lid nie, maar uit baie. 15As die voet sou sê: "Omdat ek nie 'n hand is*

*nie, is ek nie deel van die liggaam nie," hou hy om dié rede tog nie op om deel van die liggaam te wees nie. 16En as die oor sou sê: "Omdat ek nie 'n oog is nie, is ek nie deel van die liggaam nie," hou hy om dié rede eweneens nie op om deel van die liggaam te wees nie. 17As die hele liggaam oog was, hoe sou hy kon hoor? En as die hele liggaam oor was, hoe sou hy kon ruik? 18Maar nou het God die lede, elkeen van hulle afsonderlik, in die liggaam gevoeg soos Hy dit wou hê. 19As almal saam net een lid was, hoe sou daar 'n liggaam kon wees? 20Nou is daar wel baie lede maar net een liggaam. 21Die oog kan nie vir die hand sê: "Ek het jou nie nodig nie." Die kop kan weer nie vir die voete sê: "Ek het julle nie nodig nie." 22Inteendeel, die lede van die liggaam wat as die swakste voorkom, is juis noodsaaklik, 23en dié wat vir ons minder mooi lyk, klee ons met groter sorg. So word ons minder aansienlike dele besonder mooi gemaak, 24terwyl die aantreklike dele dit nie nodig het nie. God het die liggaam so saamgestel dat Hy groter eer gegee het aan die lid wat eer kortkom, 25sodat daar nie verdeeldheid in die liggaam sou wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar dra. 26As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly. 27Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan. 28En in die kerk is daar mense aan wie God 'n bepaalde taak gegee het. Ten eerste is daar apostels, ten tweede profete, ten derde leraars; verder is daar dié wat wonderdade kan doen, dan dié wat genadegawes ontvang het om mense gesond te maak, om hulp te verleen, om leiding te gee of om ongewone tale of klanke te gebruik. 29Is almal miskien apostels? Is almal profete? Is almal leraars? Kan almal miskien wonders doen? 30Het almal die genadegawes om mense gesond te maak? Of gebruik almal miskien ongewone tale of klanke en kan almal dit uitlê? 31Lê julle toe op die beste genadegawes.*

**Donderdag**: Jesus se dissipels wou altyd baie graag aan sy voete sit, oftewel dan luister en leer deur Jesus se voorbeeld en wyshede en toepassings. Die beste leeromgewing is die kleingroepie; eerstens die huisgesin, maar dan ook enige ander groepie wat gereeld bymekaarkom van sowat 8-12 persone; daarna wyksgroepe en dan die gemeente in geheel. Die Christendom spruit vanuit die oorspronklike Jesus-groepie – sy dissipels. Ons moet Jesus se werkswyse navolg – dit is die suksesresep onderliggend aan nabysyn. Jesus modelleer vir ons die suksesresep, maar Hy doen veel meer. Hy wys vir ons dat Hy die Christus is, nie net die hoof van sy liggaam op aarde nie, maar ook die waarheid, krag en wysheid in ons deur Hy sy Gees vir ons stuur – die heel beste moontlikheid van Nabysyn, maar nou met 'n hoofletter! Maar ons word ook sodoende nou sy dissipels en kry sy opdrag duidelik in **Matt. 28:16ev**

*(Mark. 16:14-18; Luk. 24:36-49; Joh. 20:19-23; vgl. Hand. 1:6-8) // 16Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan na die berg waarheen Jesus hulle beveel het om te gaan. 17Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party getwyfel het. 18Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. 19Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en 20leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."*

**Vrydag**: Nabysyn in beide sy kleinletter en hoofletter betekenis bevestig dat die NG Gemeente Calitzdorp nie gevind kan word in daardie mooi gebou in die dorp nie, maar by elke lidmaat in sy hart en huis, by sy gesin, groepie en so een of wat keer per week in die kerkgebou. Nabysyn beteken ons is God se kinders, erfgename saam met Christus, koninkryk bouers en verteenwoordigers van God op aarde. As vrees en regering die kerk se deure toemaak, bly die gemeente steeds voort woel. Dit is elkeen se eie keuse, jou eie besluit, jou eie beursie en hart wat jy oopmaak, dis jou verantwoordelikheid om God te vertrou met jou gawes en talente. Onder julle is daar leiers, elkeen met sy eie sterk gawes en geroepenheid. Nou is die beste tyd om op te staan en dissipel te wees – die heel beste tyd beskikbaar want Jesus het ons geleer deur sy geliefde dissipel Johannes se hoofstuk 10 waar Jesus sê dat die dief

kom net om te steel en te slag en dood te maak, maar Hy woon in jou as die goeie herder sodat jy lewe in volkomenheid kan leef. **Skrif Joh. 10:1-21**

*1"Dít verseker Ek julle: Wie nie deur die hek in die skaapkraal ingaan nie maar van 'n ander kant af inklim, is 'n dief en 'n rower. 2Maar hy wat deur die hek ingaan, is die skape se herder; 3vir hom maak die hekwagter oop. Die skape luister na die herder se stem. Hy roep sy skape op hulle name en lei hulle uit. 4Wanneer hy al sy skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit, en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken. 5Hulle sal nooit 'n vreemde volg nie maar van hom af weghardloop, omdat hulle nie die stem van vreemdes ken nie." 6Deur hierdie beeld het Jesus met hulle gepraat, maar hulle het nie verstaan wat dit was wat Hy vir hulle wou sê nie. 7Toe het Jesus verder gesê: "Dít verseker Ek julle: Ek is die ingang vir die skape. 8Almal wat voor My gekom het, is diewe en rowers; maar die skape het nie na hulle geluister nie. 9Ek is die ingang; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word. Hy sal in en uit gaan en weiding kry. 10'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed. 11"Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape. 12'n Huurling is geen herder nie, en dit is nie sy eie skape nie. As hy 'n wolf sien kom, los hy die skape en hardloop weg, en die wolf vang die skape en jaag die trop uitmekaar. 13Hy is 'n huurling en bekommer hom nie oor die skape nie. 14"Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My, 15net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken; en Ek lê my lewe af vir die skape. 16Ek het nog ander skape, wat nie van hierdie kraal is nie. Ek moet hulle ook lei. Hulle sal na my stem luister, en hulle sal een kudde wees met een herder. 17"Die Vader het My lief omdat Ek my lewe aflê om dit weer op te neem. 18Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit my eie af. Ek het die volmag om dit af te lê, en Ek het die volmag om dit weer op te neem. Dit is die opdrag wat Ek van my Vader ontvang het." 19Daar het toe verdeeldheid onder die Jode gekom oor hierdie woorde. 20Baie van hulle het gesê: "Hy is van die duiwel besete, hy is mal! Hoekom luister julle nog na hom?" 21Ander het gesê: "Dit is nie die woorde van 'n besetene nie. 'n Duiwel kan tog nie blindes se oë genees nie?"*